The National Foundations Dialogue Initiative
Reclaiming the South Africa of our Dreams

Metropolitan Park, Block B, 1st Floor, 8 Hillside Road, Johannesburg | Tel: +27(11) 079 1642 | Email: info@nfdi.org.za

STATEMENT FROM THE NATIONAL FOUNDATIONS DIALOGUE INITIATIVE (NFDI)

DIS TYD OM (WEER) MET MEKAAR TE PRAAT!

Donderdag was Vryheidsdag, die viering van die geboorte van die "nuwe Suid-Afrika" in 1994. Maar ons almal besef dat vandag se omstandighede (polities, ekonomies en sosiaal), ver is van die positiwiteit en selfs euforie van 1994 af. Daarby gaan ons land gebuk onder toenemende rassepolarisasie, onversoendheid, gebrek aan gesprek en 'n gebrek aan luister vir mekaar.

'n Hele paar stigtings van voormalige leiers van ons land het twee jaar gelede met mekaar hieroor begin praat. Hulle is (in alfabetiese volgorde) die stigtings van FW de Klerk, Jakes Gerwel, Thabo Mbeki, Phumzile Mlambo-Ngcuka, hoofman Albert Luthuli, Desmond en Leah Tutu, , Helen Suzman en Robert Sobukwe. Uit hierdie gesprekke het dit duidelik geword dat daar tussen die Stigtings 'n diep gedeelde bekommernis oor die toestand van ons land en ons jong demokrasie is. Ons is van mening dat die uitdagings wat ons nou in die gesig staar, insluit politieke oorsig en leierskap, die toestand van die ekonomie en die feit dat dit nie in die behoeftes van die bevolking kan voorsien nie, die morele verval in ons gemeenskappe, en sosiale kohesie (of die gebrek daaraan). Saam vorm hierdie sake 'n nasionale krisis, wat dringend aangespreek moet word.

Daarom het 'n konsensus ontwikkel dat 'n nuwe nasionale dialoog vir Suid-Afrika noodsaaklik is. Hierdie dialoog sal onder die kollektiewe naam "Nasionale Stigtings Dialoog Inisiatief" (NSDI) geloods word. Die NSDI gaan poog om alle Suid-Afrikaners op verskillende vlakke byeen te bring om doelgerig en rasioneel oor die toestand in die land te praat en hoe hulle kan bydra om (weer) 'n nuwe Suid-Afrika te ontwikkel. Die proses sal die waarheid bevestig dat ons toekoms in ons eie hande is en sal soos 'n reeks bosberade (*imbizos)* op verskillende vlakke funksioneer.
Die NSDI is oplossingsgerig, maar is nie self die oplossing nie. Dit werk na 'n doel toe, maar is nie doel nie, maar slegs die meganisme om daar uit te kom. Die skep 'n geleentheid vir mense om hulle menings openlik te gee, en hulle harte uit te praat. Die NSDI gaan in die finale instansie oor ons Grondwet en ons demokrasie, as die uitgangspunte vir die samelewing waarin ons wil lewe. Dis 'n betekenisvolle inisiatief van die burgerlike samelewing, sonder om ander rolspeleres uit te sluit.

Die loodsingsdialoog van die NSDI vind op Vrydag 5 Mei in Johannesburg plaas. Die tema is "Hoekom het SA 'n nasionale dialoog nodig? 'n Wekroep aan die nasie". Benewens 'n verskeidenheid van leiers en organisasies wat teenwoordig sal wees, sal oud-presidente Thabo Mbeki en FW de Klerk, asook voormalige adjunk-president Phumzile Mlambo-Ngcuka elkeen 'n toespraakbeurt kry om hierdie temavraag te beantwoord.

Dit word voorsien dat die aanwesiges daarna deur middel van groepbesprekings 'n aantal temas vir die nasionale gesprek sal identifiseer. Onder hierdie temas sal daar waarskynlik dié wees waaroor makliker konsensus bereik sal word, soos die belangrikheid van die Grondwet en die noodsaaklikheid van aktiewe burgerskap. Daar sal ook temas wees waaroor konsensus moeiliker bereik sal word, soos watter ekonomiese model die land moet volg om armoede

Directors: Mr FJG Antonie, Mr XM Boqwana, Ms NMJ Canca *Chairperson, Mr HJ Gerwel, Mr LG Hlophe, Mr JS Seroke, Ms Razaan Bailey, Dr Theunis Eloff
Registration Number: 2015/332300/08

aan te spreek en hoe grondhervorming verder moet plaasvind. Die belangrike punt is egter dat weer geprààt sal word.

Die NSDI sal, na die eerste nasionale byeenkoms, sy werk desentraliseer en deur die talle bestaande plaaslike organisasies werk om dialoog oor die geïdentifiseerde temas aan te wakker. Sò kan daar byvoorbeeld 'n tema per maand geïdentifiseer word, wat dan gedurende daardie maand orals in die land, bespreek sal word. Om dit te vergemaklik, sal telkens 'n kort inligtingstuk wat deur die NSDI se navorsingsmedewerkers opgestel sal word, as gespreksraamwerk gebruik kan word. Terugvoer van hierdie besprekings sal deur die NSDI opgeteken word en by 'n latere nasionale konferensie gerapporteer word. 'n Ander metode om gesprek aan te wakker, is die koördinering van maandelikse of selfs weeklikse radiogesprekke op streeksvlak, asook die koördinering van maandelikse TV debatte op nasionale vlak. Dit word voorsien dat die proses ongeveer 18 tot 24 maande sal duur.

Ons beleef tans baie mobilisering en bewegings (soos bv Save SA en die Nuwe Vryheidsbeweging), en die meeste daarvan is op 'n kort-termyndoelwit gefokus: om van president Zuma ontslae te raak. Die NSDI se fokus is anders en lê klem op die medium- en langer termyn. Ons vraag is: Wat moet in 'n post-Jacob Zuma Suid-Afrika gebeur om die land weer op sy grondwetlike en nie-rassige koers te kry? Hiervoor meen ons is die proses van gesprek met mekaar net so belangrik as die moontlke uitkomste en voorgestelde oplossings.

Dit is betekenisvol dat stigtings van leiers wat in die verlede polities en ideologies van mekaar verskil het, besuit het om in hierdie inisiatief hande te vat. Dis nie bloot 'n geval om van 'n gemeenskaplike vyand ontslae te raak nie. Dis eerder 'n geval dat ons ons weer skaar onder ons land se basisdokument, die Grondwet, en op grond daarvan 'n dialoog begin om 'n gesamentlike en wenslike toekoms uit te kap. Ons doen dit deur op grond van demokratiese beginsels met mekaar te praat en na mekaar te luister. Ek het al baie maal vir mense wat oor die toekoms bekommerd is, gesê dat wat my hoop gee is dat as mens aan 'n saal vol wit, bruin, Indiër en swart Suid-Afrikaners sou vra wat hulle ideale vir hulle kinders is, die antwoorde wat hulle sal gee, 90% sal ooreenstem. Ons mag oor die manier om by daardie ideale uit te kom, verskil, maar juis daarom is intensiewe en voortgaande dialoog nodig. Dis die doel van die NSDI.

Theuns Eloff is die uitvoerende direkteur van die FW de Klerk Stigting en 'n lid van die reëlingskomitee van die NSDI.

1 The National Foundations Dialogues Initiative (NFDI) is a programme of the following Foundations acting together: The Albert Luthuli Foundation, the Robert Sobukwe Trust, the Helen Suzman Foundation, the Desmond and Leah Tutu Legacy Foundation, the FW de Klerk Foundation, the Thabo Mbeki Foundation, Umlambo Foundation, and the Jakes Gerwel Foundation.

Directors: Mr FJG Antonie, Mr XM Boqwana, Ms NMJ Canca *Chairperson, Mr HJ Gerwel, Mr LG Hlophe, Mr JS Seroke, Ms Razaan Bailey, Dr Theunis Eloff
Registration Number: 2015/332300/08